

Die aard van kerklike gesag in die kerkregtelike besinning van W.D. Jonker

Gert J. Duursema

Gert J. Duursema, onafhanklike navorsers

Opsomming

Die buitengewone Algemene Sinode van die NG Kerk in November 2016 het die vraag na die aard van kerklike gesag na vore laat kom. Dié artikel wil die aandag vestig op W.D. Jonker se beskouing oor kerklike gesag.

Jonker se vakgebied was sistematiese teologie, maar hy het hom toenemend in die kerkreg verdiep en hom vir 'n Skriftuurlik verantwoorde kerkorde, soortgelyk aan die Dordtse Kerkorde, beywer.

Hy was sterk gekant teen sentralisering van mag (gesag) in die hande van meerdere vergaderings en/of enkele persone, sowel as teen die volkskerkdwaling wat in die NG Kerk tot afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe gelei het. Gevolglik het hy skerp kritiek op bestaande kerkordes van die NG Kerke én (veral) op die kerkorde wat in 1962 deur die nuutgevormde Algemene Sinode aanvaar is, uitgespreek. Dit het hom in botsing met kerklike leiersfigure van die tyd gebring.

Jonker se oortuiging dat slégs Christus (en daarom: slégs die Woord van God) in die kerk gesag dra, het in die stryd rondom Beyers Naudé se betrokkenheid by die blad *Pro Veritate* en by die Christelike Instituut tot uitdrukking gekom. Volgens Jonker is kerklike tug op Naudé toegepas nie vanweë ongehoorsaamheid aan die Woord van God nie, maar op grond van ongehoorsaamheid aan besluite van meerdere vergaderings en ampsdraers.

Besluite van kerklike vergaderings is volgens Jonker bindend slegs as dit ooreenstem met die Woord van God. Indien nie, is dit nie bindend nie en mág gelowiges daarteen appelleer. Hy gaan nog verder: gelowiges het die *plig* om besluite in die lig van die Woord te weeg en, indien nodig, daarteen te appelleer. Daarom speel die gemeente 'n belangrike rol in Jonker se denke: dít is waar die Woord verkondig en die sakramente bedien word en waar Christus (die Woord) direk en persoonlik regeer.

Trefwoorde: Beyers Naudé; Christelike Instituut; Christusregering; regering deur die Woord; Gereformeerde kerkreg; W.D. Jonker

Abstract

The nature of ecclesiastical authority in W.D. Jonker's reflections on church polity

In November 2016 an extraordinary General Synod of the Dutch Reformed Church was convened to consider a variety of objections, gravamina and appeals against the resolutions on same-sex relationships passed by the General Synod of 2015. Opinions differed on the right to lodge appeals against resolutions of a General Synod, which raises questions about ecclesiastical authority and the authority of major assemblies and church officials.

This article focuses on W.D. Jonker's view of church authority.

Although Jonker's field of study was systematic theology (dogmatics), new developments within the Dutch Reformed Church compelled him to view critically the system of ecclesiastical government implemented in the church. In 1955 an editorial written by T.N. (Tobie) Hanekom in *Die Kerkbode* prompted Jonker to caution against the idea of a national church ("Volkskerk"). For the rest of his life Jonker would persistently warn against this fallacy.

He increasingly immersed himself in the study of church polity and canonical law; to such an extent that he eventually became an acknowledged expert in this field. This is attested to by his being invited to present a series of lectures on church discipline in the Faculty of Theology at the University of Pretoria in 1959. In 1960 he was also elected as Actuarius of the then Synod of the Southern Transvaal.

During these years, Jonker also strove and campaigned for a Scripture-based church order in which the kingship and sole dominion of Jesus Christ in His church is adhered to and maintained in an undiminished and unimpaired way. According to Jonker the Church Order of Dordrecht (1619) is a true representation and summary of the scriptural principles necessary for a Reformed system of church polity. Jonker dearly wanted to see those very principles reflected in the concept of a church order presented to the General Synod of 1962 for acceptance and implementation as the Church Order of the Dutch Reformed Church.

Initially Jonker had a relatively positive attitude towards the existing Church Orders of the Dutch Reformed Churches. Nonetheless he was critical about aspects of the concept order that had been prepared for the General Synod. For example, Article 84 of the Church Order of Dordrecht was not fully reflected in Article 3 of the concept order. According to Jonker, this paved the way for a hierarchy that would be a threat to the sole dominion of Jesus Christ in His church. Moreover, the continuation of the moderator's committee of the General Synod (moderamen) as a permanent committee of the synod until the next synod, vested too much responsibility and authority in a few people, thus subverting the authority and dominion of Christ.

This criticism brought down the wrath of ecclesiastical leaders like J.D. (Koot) Vorster, T.N. (Tobie) Hanekom, A.P. (Andries) Treurnicht and many others on Jonker. He however continued the struggle. On his return from a study tour to Europe, Jonker criticised the concept church order, as well as existing church orders, even more sharply. Again he pointed out the dangers of bestowing centralised power and authority on a small group of people.

Once again he also voiced his aversion to the fallacy of a national church, which had led to the Dutch Reformed Church's establishing separate churches for separate population groups.

However, his criticism was rejected; his plea for a church order that maintained and reflected the kingship and sole dominion of Jesus Christ was ignored; and he was accused of liberalism.

Jonker's conviction that authority in the church resides only in Christ (and therefore only in the Word of God) found expression in the controversy surrounding the involvement of Beyers Naudé with the magazine *Pro Veritate* and with the Christian Institute (C.I.). After his appointment as director of the C.I., Naudé lodged an application to retain his status as a minister with the committee tasked with the final examination of candidates who wished to enter the ministry (Afrikaans: *Proponentseksamenkommissie*). This committee of the Synod of Southern Transvaal also adjudicated over the retention or loss of status of those who had left the full-time ministry. Naudé's application was rejected by the committee, based on the resolutions of the Synod on *Pro Veritate* and the C.I.

Jonker advised Naudé that he had the right to appeal (against the above-mentioned rejection by the committee) to the Synodical Commission of the Southern Transvaal. Naudé duly appealed, but his right to appeal (and therefore his appeal) was rejected, based on advice given by J.D. Vorster (the then Actuarium of the General Synod) to the effect that resolutions of major assemblies were binding and therefore had to be adhered to, with no right of appeal.

Based on the same arguments, Naudé's election as an elder in the Parkhurst congregation was declared null and void by the presbytery (circuit) of Johannesburg. According to Jonker, Naudé was subjected to ecclesiastical disciplining not because of disobedience to the Word of God, but because of insubordination to the resolutions and decisions of major assemblies and church officials.

Because of these events, serious questions were raised about ecclesiastical power/authority, the binding nature of resolutions by major assemblies, as well as the right of appeal against such resolutions. This again highlighted Jonker's plea for a more comprehensive inclusion of Article 31 of the Church Order of Dordrecht in the Dutch Reformed Church's Church Order. His opinion was that resolutions by major assemblies were indeed binding, but only if they were in full accordance with the Word of God. If not, such resolutions were not binding and might be taken on appeal. In the Naudé saga, Jonker's fear that major assemblies could usurp the authority of the Word of God was realised. The Word of God and obedience to this Word became mere background music to the actions of power-hungry assemblies and church officials.

Jonker insisted that only the Word of God could bind the consciences of believers. If the Word of God convinced them that a resolution deviated from the Word of God, or was in conflict with that Word, they had the *right* to appeal against such a resolution. Jonker further argued that believers had the *obligation* to weigh and evaluate all resolutions of ecclesiastical assemblies in the light of the Word and to appeal against such resolutions if they were found to be in conflict with the Word of God. He found confirmation for this opinion in the Revised Church Order of the Reformed Churches (*Gereformeerde Kerken*) in the Netherlands. This obligation did not vest solely in a select group of learned people, theologians and scientists, but in *all* believers. For this reason the congregation (the local church) – a communion of

saints – played an important and critical role in Jonker's theology: it is in the local church (congregation) that the Word of God is officially proclaimed and that the sacraments are served. Where that happens, Christ reigns supreme.

Because of Jonker's faith and trust in the Word of God he was prepared to follow the Reformers in their insane venture (*krankzinnige waagstuk*, in the words of C. Veenhof) of putting their trust in Christ only. Christ would reveal truth and make it known through His Word. No man, committee, or major meeting could lay claim to the power and authority of Christ and the Word of God.

Keywords: Beyers Naudé; Christian Institute; Reformed Church polity; rule of Christ; governance through the Word of God; W.D. Jonker

1. Inleiding

Min is vandag oor wyle W.D. Jonker as kerkregtelike bekend, alhoewel hy vir 'n kort tydjie van nege maande hoogleraar in Kerk- en Dogmageskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) was en in sy tyd op 'n besondere manier betrokke was by kerkregtelike debatte en handeling. Jonker het in 1955 in sistematiese teologie (dogmatiek) oor 'n ekklesiologiese tema met 'n proefskrif getiteld "Mistieke liggaam en kerk in die nuwe Rooms-Katolieke teologie" (Jonker 1955a) by G.C. Berkouwer aan die Vrije Universiteit, Amsterdam gepromoveer. Hy was ook lank 'n dosent in sistematiese teologie aan die Universiteit Stellenbosch. Hierdie artikel belig Jonker se betrokkenheid by en bydrae tot die kerkreg, spesifiek in terme van sy beskouing oor die aard van die gesag van kerklike amptenare en instellings en dan met spesifieke verwysing na moderators, moderature, gesag, bindende besluite en appèlle.

In die NG Kerk is hierdie sake tans baie aktueel. Die NG Kerk het van 7 tot 10 November 2016 'n buitengewone Algemene Sinodesitting gehou oor die appèlle, beswaarskrifte en gravamina wat ingedien was teen die besluit van die Algemene Sinode van 2015 oor selfde-geslag-verhoudinge. Hierdie buitengewone sinode het die vraag opgeroep of teen besluite van die Algemene Sinode geappelleer kan word. Hieroor is uiteenlopende regsmenings uitgespreek deur afgetrede regters en senior advokate. Hierdie artikel bied nie 'n regsmening hieroor nie, maar besin oor die vraag na aanleiding van Jonker se kerkregtelike siening oor appèlle. Sy siening hieroor hang egter ten nouste saam met sy standpunt oor die gesag van kerkvergaderings se besluite, dit wil sê, of en tot watter mate dié besluite bindend is en wat die aard van gesag in die kerk is. Laasgenoemde plaas die huidige posisie van die kerk se moderatuur en sy moderator óók onder die vergrootglas.

2. Van sistematiese teologie na kerkreg

Na sy openbare verdediging van sy proefskrif in Nederland is die eerste publikasie uit Jonker se pen met sy terugkeer na Suid-Afrika twee artikels met die titel "Genade en Kerk" in *Die Kerkbode* (Jonker 1955b). Daarin vat hy die hoofsaak van sy proefskrif saam. Slegs drie weke later en ses maande in die bediening skryf dié 26-jarige jong dominee 'n brief ("Ons

Kerk 'n Volkskerk?") aan T.N. (Tobie) Hanekom, destydse redakteur van *Die Kerkbode*. Daarin reageer hy op 'n hoofartikel waarin Hanekom vir A.C. (Attie) Barnard voor stok kry oor 'n artikel waarin Barnard geskryf het: "Ons dierbare Kerk het 'n Volkskerk geword." Jonker het dit teen die "één Kerk één volk"- verhouding wat tussen die NG Kerk en die Afrikanervolk bestaan het. Hy rig hom teen 'n kerk wat ten koste van sy eie heiligheid na uitbreiding en grootheid soek, en gevolglik 'n kerk is waaraan die massa behoort. Hy meld (Jonker 1956:111) in dié verband Abraham Kuyper se verwysing na 'n "massakerk, die ryp en groen in zich opneemt, die de wereld doopt en die de zichtbare kerk met de wereld vereenzelvigt".

Dit was die begin van Jonker se herhaalde waarskuwing gedurende die res van sy bediening teen die gevare van 'n volkskerk. Dit was terselfdertyd ook die begin van sy bevordering van 'n Bybels-teologiese kerkorde. Die NG Kerk het inderdaad wel die probleme van "ryp en groen" in die kerk raakgesien, maar die "oplossing" wat daarvoor aangebied is, was dat lidmate geëvangelseer moes word.

Jonker skryf krities oor die implikasies van hierdie "oplossing": "Natuurlik moet die Kerk dan die tug verwaarloos, of altans sommige aspekte van die tug. Dan gaan die Kerk met allerlei spesiale middele *binne sy eie grense evangeliseer*" (Jonker 1956:112).

Jonker het met eg Bybels-teologiese insig verkondig dat *ongelowiges* geëvangelseer behoort te word; mense wat belydenis van geloof afgelê het (lidmate), moet deur Bybelse tug tot die gemeenskap van die heiliges teruggeroep word. Hy het dikwels oor die tug gepreek, artikels geskryf, gemeentes en ringe toegesprek en in 1957, ten tye van sy voormalige dogmatiek-professor (A. B. du Preez) se langverlof, vir ses maande lesings oor die kerklike tug aan teologiese studente by die Universiteit Pretoria se Fakulteit Teologie aangebied (Jonker 1998:31). Die resultaat van dié lesings was 'n verwerking in 'n bekroonde¹ boek met die titel *En as jou broeder sondig ...* (Jonker 1959a). Jonker het hom dus al hoe meer oor kerkreg uitgelaat, met die gevolg dat hy allens in die NG Kerk as kundige op die terrein beskou is. Dit het daartoe gelei dat hy in 1960 verkies is as aktuaris² van die Sinode van Suid-Transvaal.

Wat Jonker se beskouing van die kerkreg besonders maak (maar nie noodwendig uniek nie), is dat hy die kerkreg nie vanuit die reg nie, maar vanuit sistematiese teologie, spesifiek vanuit sy ekklesiologie, benader. Anders gestel: die klem lê op die *kerk* in kerkreg. Daarby moet in gedagte gehou word dat sy ekklesiologie 'n onmiskenbare Christologiese karakter dra.³

3. Moderators en moderature

Voor sy verkiesing as aktuaris laat hy hom reeds in 1959 in drie artikels in *Die Kerkbode* uit oor die konsep-kerkorde vir die Algemene Sinode wat in 1962 tot stand sou kom. (Daar is deurgaans na die ontwerp vir 'n kerkorde as 'n konsep-kerkorde verwys. Daarom word die term soos in al die brondokumente konsekwent in dié artikel gebruik.) Die eerste artikel handel oor die positiewe tendense wat hy in die ontwerp vind. Die titel verrai waarom dit vir hom gaan: "Die nuwe kerkorde: 'n voorwaartse stap op Dordtse grondslag" (Jonker 1959c). Hy skryf in die artikel: "[D]ie Dordtse Kerkorde (is) nog onaangetas in sy prestige as 'n deur-deur Bybels-Gereformeerde kerkorde" (1959c:796) en dat dit "sonder enige twyfel die

beste en suiwerste historiese formulering en samevatting van die Skriftuurlike beginsels (is) waarop die Gereformeerde kerkregering rus” (1959c:835). Kritiek wat hy wel teen die voorgestelde ontwerp gehad het, was gerig op dié artikels wat van die Dordtse Kerkorde (DKO) afwyk.

Die eerste afwyking van die DKO in die konsep-kerkorde was in artikel 3, wat handel oor die sg. antihiërargiese beginsel. In artikel 3 word wel ooreenkomstig DKO-artikel 84 bepaal dat ampsdraers in die kerk nie oor mekaar mag heers nie, maar die DKO-artikel 84 is nie volledig in die ontwerp opgeneem nie. Die bepaling dat “Gene *Kerk* zal over andere *Kerken* ... enige heerschappij voeren” word uitgelaat. Daaroor skryf Jonker (1959c:835): “Hierdie grondbeginsel sou ons nou graag in die nuwe kerkorde beter uitgewerk wou sien as wat na ons beskeie mening, wel die geval is – en dit wel in verband met die sg. moderamen of moderatuur.” Dit is die beginsel wat op die spel in sy beswaar teen ’n moderatuur wat ná ’n vergadering as ’n permanente kommissie van die sinode bly voortbestaan. Die “verantwoordelikheid” word in die hande van ’n paar persone gelaat, wat die moontlikheid van ’n hiërargie skep. Die posisie van die moderator is ook problematies omdat dit daartoe kan lei dat ’n persoon ’n bepaalde status verkry wat uiteindelik die hoofskap van Christus ondermyn.

Jonker (1959c:836) skryf:

Sodra die moderator gekies word vir ’n termyn en nie net vir die duur van die vergadering nie, kom daar tog ontseeglik mag in die hande van so ’n persoon, en die feit dat die moderator ’n soort van offisiële posisie in die kerk na geheel verkry, versterk daardie mag. Die gevolg is dat die moderator naderhand, of hy wil of nie, gesien word as ’n soort hoof van die kerk, wat die bevoegdheid besit om namens die kerk in sy geheel te kan praat. Die moderator moet by elke geleentheid toesprake hou en die kerk verteenwoordig. Hy moet teenoor buitelandse besoekers en ander persone die standpunt van die Kerk in sy geheel stel. Onwillekeurig voel die gewone lidmaat aangaande hom dat hy die hoof van die Kerk is ... Al is dit ook nie kerkregtelik so nie, moreel het hierdie broeders dan meer mag in hul hande as wat enige mens in die Kerk van die Here behoort te hê. Daarom is dit so noodsaaklik dat die moderator geen offisiële posisie in die Kerk as geheel moet beklee nie en dat sy funksie slegs die van voorsitter van ’n bepaalde vergadering sal wees.

Dieselfde besware oor ’n hiërargie geld vir die moderatuur, wat nie net vir die vergadering verkies word nie, maar vir ’n termyn. Jonker stel voor dat daar eerder ’n sinodale kommissie met nuwe personeel verkies moet word waarvan die moderator en skriba van die afgelope vergadering nie lede sal wees nie en wat na konstituering sy eie voor- en ondervoorsitter kies.⁴

Dit sou ’n misverstand wees om te reken dat Jonker bloot bepaalde mense uit gesagsposisies wou weer. Antihiërargie gaan vir hom volledig en uitsluitlik om die regering van Christus in sy kerk. Die latere ontwikkelinge oor hierdie saak toon dat Jonker se vrese nie ongegrond was nie.

J.D. (Koot) Vorster, voorsitter van die kommissie van aktuarie wat die konsep-kerkorde opgestel het, het op Jonker⁵ se voorbehoude oor die nuwe kerkorde gereageer in ’n artikel in die *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif (NGTT)* van September 1960 (Vorster

1960). Vorster verdedig dié Kerkorde deur te sê dat Jonker se besware teen die posisie van die moderator en die moderatuur “sonder grond” is. Volgens hom (1960:13) kan die Kerkorde “nie anders beskryf word nie as die Dordtse Kerkorde, aangepas aan die eise van ons dag”. Dié sogenaamde “eise van die dag” noodsaak volgens Vorster juis verkiesing van ’n moderator vir ’n termyn en die kontinuering van die moderatuur ná die sinodesitting. Dit is opmerklik dat Vorster hoofsaaklik vanuit die praktyk redeneer en dat sy artikel mank gaan aan prinsipiële besinning.

Vir Jonker, daarenteen, kan die kerk eerder sogenaamde funksionaliteit en effektiwiteit inboet ter wille daarvan om die alleenheerskappy van Christus in sy kerk te verseker. Hy skryf (1965a:27): “[N]ie effektiewe funksionering nie, maar ’n effektiewe beskerming van die Christus-regering in die kerk (moet) vir ons die vernaamste beginsel van kerkorde bly.” Alles moontlik moet gedoen word om enige mens te verhinder om Hom sy Hoofskap in die kerk te ontnem. Reeds in 1959 hoor mens duidelik by hom die tema wat in 1965 die titel van sy intreerede by Unisa was: die hele kerkorde (én die ganse kerkreg as wetenskap) moet alleen gaan om die regering van Christus in sy kerk (Jonker 1965a). In die gesprek oor Jonker en die NG Kerk moet steeds in gedagte gehou word dat dit by hom om liefde vir die kerk gegaan het, daartoe genoop deur die Skrif. Dit was die geval óók wanneer hy afwykings in kerklike konteks uitgewys het.

4. Gesag in die kerk

Bogenoemde kritiek was net die voorspel vir wat sou volg. In 1960–1961 ondersoek Jonker tydens ’n studieverblyf in Europa die geskiedenis van die ontwikkeling van die Gereformeerde kerkreg.⁶ Na deeglike navorsing van die bronne keer hy met ’n dieper insig in die Gereformeerde kerkreg terug. Tydens dié studiereis het die oortuiging by hom gegroei dat hy nie langer oor die afwykings in die kerkorde kan swyg nie. Waar hy voorheen (bv. teenoor S. du Toit van Potchefstroom) apologet van die NG Kerk se kerkordes was, het dit nou verander (Jonker 1959b:8; 1960b:41-4; 1960c:74-7; 1960d:107–11, 119; 1960e:375). Voortaan sou hy die stryd aanknoop teen die uitwasse van presies dít waarteen hy in 1959 gewaarsku het: aan die een kant was daar kerkregtelike misstande as gevolg van die optrede van diegene met “meer mag in hul hande as wat enige mens in die Kerk van die Here behoort te hê”. Maar aan die ander kant was daar sistematies-teologiese dwalings – waaronder afsonderlike kerke vir onderskei bevolkingsgroepe – wat kerkregtelik gestalte in die kerkordes van die onderskeie sinodes aangeneem het. In *Die Sendingbepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal* (Jonker 1962a) sny hy dié dogmatiese dwaling vanuit die kerkreg aan.

T.N. Hanekom (toe nie meer redakteur van *Die Kerkbode* nie, maar hoogleraar in Kerkreg en Kerkgeskiedenis aan die Kweekskool in Stellenbosch), skryf ’n skerp en negatiewe resensie van *Die Sendingbepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal* op 3 Oktober 1962 in *Die Kerkbode*. Dat dit vier maande ná Jonker se skrywe en slegs ’n week voor die stigting van die Algemene Sinode op 12 Oktober 1962 verskyn,¹⁷¹ dui daarop dat die plasing van Hanekom se resensie ’n strategie van die redakteur (A.P. Treurnicht) was.

Op 11 Oktober is ’n konvensie gehou om die konsep-kerkorde te bespreek en goed te keur vir voorlegging aan die Algemene Sinode. Jonker het meegewerk aan ’n verslag van die aktuarii

oor voorgestelde wysigings wat aan die konvensie, onder voorsitterskap van J.D. (Koot) Vorster voorgelê was (Raad van Kerke 1962:31). Vorster is ook later tot eerste aktuaris van die Algemene Sinode verkies. Jonker se pleidooi vir 'n kerkorde wat uiting gee aan die Skrifbeginsel dat Christus alleen die kerk regeer, is geïgnoreer toe die konsep-kerkorde met sy afwykinge as kerkorde aanvaar is.

Jonker (1998:58) skryf dat Hanekom se resensie hom groot skade berokken het. Hy is geëtiketteer as 'n liberalis – wat destyds 'n gewilde skeldwoord was. Daardeur is Jonker tegelyk teologies én polities onder verdenking geplaas. Hy vervolg: “Die wyse waarop baie afgevaardigdes my tydens die sinode aangekyk het, het my laat besef dat hy (Hanekom – GJD) doeltreffend daarin geslaag het om my as liberaal te brandmerk” (1998:58).

Dit kan met stelligheid beweer word dat die nuwe kerkorde “die gesag uit Christus se hande gegryp” het. Jonker het hom dikwels uitgelaat teen mense en vergaderings wat hulle meer mag aangematig het as wat in 'n gereformeerde kerk geduld behoort te word (vgl. bv. Jonker 1963a:677–8; 1963b:614–5; Jonker e.a. 1965a). Jonker skryf byvoorbeeld by geleentheid aan Treurnicht as redakteur van *Die Kerkbode* dat hy in sy redaksionele rubriek “volbloed-pouslike leiding” aan die kerk wil gee (Jonker 1967:135).

5. Bindende besluite en kerklike gesag

In 'n reeks artikels in *Die Kerkbode* van 1959 het Jonker die vraag na gesag in die kerk ook uit 'n ander hoek benader na aanleiding van die vraag oor die bindende aard van besluite van kerkvergaderings en die moontlikheid van appèl daarteen.

In 'n bepaalde sin het nie alleen die kerkhervorming nie, maar ook die stryd in die Protestantse kerke in Nederland en Duitsland gedurende die 19de en 20ste eeue, te doen met die vraag na die ware aard van kerklike gesag. Die hervorming was 'n verzet teen die Rooms-Katolieke leer van die pous se onfeilbare gesag. In Nederland het die genootskaplike (liberale) kerkreg (verkeerdelik kollegialisme genoem) tot die Afscheiding (1834) en die Doleantie (1883) gelei omdat dit kerkordelike reëlins aan die hand van die liberale natuurregteorie gevorm het en verder vanuit 'n hiërargiese verstaan van kerkverband aan 'n meerderheidstem gesag toegeken het. In Duitsland het die Bekennende Kirche (Belydende Kerk) hom verzet teen die sogenaamde Führer- (leier-) beginsel waarvolgens die kerk 'n Ryksbiskop as “oppergesagsdraer” en hoof beskou het.

Jonker het na die publikasie van sy *Sendingbepalinge*, en vervolgens ook in die Ring van Johannesburg (waar hy gereeld óf op die ringskommissie gedien het óf voorsitter van die ring was), meermale met “mense-met-gesag-in-die-kerk” gebots, veral oor Beyers Naudé en die Christelike Instituut (C.I.).⁸ Nadat Naudé die direkteurskap van die C.I. aanvaar het, het hy van Aasvoëlkop verhuis en lidmaat van die gemeente Parkhurst geword, waar hy tot ouderling verkies is. Beswaar teen sy verkiesing is by die Ring van Johannesburg aangeteken vanweë sy beweerde ongehoorsaamheid aan besluite van die Sinode van Suid-Transvaal en ook aan die besluit van die Breë Moderatuur wat die C.I. tot dwaalrigting verklaar het.⁹

Voor Naudé se verkiesing tot ouderling het die Sinode van Suid-Transvaal op 8 April 1963 'n besluit geneem dat ampsdraers en lidmate van die Kerk gebonde is aan, en gehoorsaamheid

verskuldig is aan, Sinodale besluite. Die aanleiding tot hierdie besluit was 'n vroeëre besluit van dieselfde vergadering dat ampsdraers en lidmate nie met die blad *Pro Veritate*¹⁰ mag saamwerk nie. Jonker en 25 ander leraars (onder wie Beyers Naudé¹¹) in die ressort van die Sinode van Suid-Transvaal het in 'n brief aan *Die Kerkbode* beswaar gemaak teen dié besluite (Jonker e.a. 1963a:677–8).

Op daardie stadium was die C.I. nog nie gestig nie – dit sou eers op 15 Augustus 1963 gebeur. Twee maande ná die stigting van die C.I., het die Breë Moderatuur besluit om “die stigting en voortbestaan van die Christelike Instituut” nie goed te keur nie (Redaksioneel 1963:737).

Op grond van dié besluite van die Sinode van Suid-Transvaal en die Breë Moderatuur het die Ring van Johannesburg die verkiesing van Naudé nietig verklaar. Jonker en vyf van sy ringkollegas het daarteen geappelleer en skryf oor die besluit van die Breë Moderatuur in hulle appèl:

Ons (moet) dit hiermee uitspreek dat die Ring van Johannesburg daarmee die basis van die Skrif en die Kerkorde verlaat het. Iemand word hier uit die amp geweier, nie op grond van enige dwaling in leer of lewe, nie op grond van sonde nie, maar op grond daarvan dat hy die opinie van 'n kommissie van die Algemene Sinode, wat nog nie eers deur die Algemene Sinode bekragtig is nie, links laat lê het. (NG Kerk in SA Argief, Ring 463)

Die Ring van Johannesburg het dus aan 'n besluit van die Breë Moderatuur óók bindende gesag toegeken, al was die Breë Moderatuur nie 'n meerdere vergadering nie.

Hierdie aangeleentheid toon dat die vraag na die aard van kerklike gesag én binding aan besluite van meerdere vergaderings tot in die hart van die probleem sny.

Jonker beklemtoon in 'n reeks artikels in *Die Kerkbode* in dié verband die volgende:

Nét Christus, maar daarom ook: net die Woord van God, het gesag in die kerk ... Die kerk mag nie maar allerlei besluite neem, en lidmate daaraan bind, as dit nie duidelik is dat die lidmate daardeur aan die Woord van God gebind word nie. (Jonker 1965b en 1965c)

Wanneer – volgens Jonker – gehoorsaamheid dus nie uitsluitlik aan die Woord vereis word nie, maar soos in die Roomse-Katolieke tradisie aan ampsdraers, óf soos in die genootskaplike kerkreg aan 'n meerderheidsbesluit van 'n kerkvergadering, ontstaan “diepe verworping” (Jonker 1965c:1616). In die NG Kerk was hierdie situasie die ongelukkige gevolg van die verwerping van Jonker se pleidooi in 1959 dat artikel 31 van die DKO (kyk hier onder, afdeling 6) volledig in die kerkorde van 1962 opgeneem moet word.

6. Appèlle en artikel 31 van die Dordtse Kerkorde

In die lig van bostaande behoort Jonker se antwoord op die vraag of lidmate die reg op appèl het teen besluite van kerkvergaderings voor die hand liggend te wees. Dit beteken egter

geensins dat hy meen dat kerkvergaderings nie bindende besluite kan neem nie. Hy grond sy standpunt op DKO-artikel 31, wat lui:

Zou iemand zich beklagt door de uitspraak der mindere vergadering verongelyk te zijn, zal deze zich op een meerdere kerkelijke vergadering *beroepen*^[12] mogen; en hetgeen door de meeste stemmen goedgevonden is, zal voor *vast en bondig* gehouden worden, *tenzij* dat het bewezen wordt te strijden tegen het Woord Gods of tegen de artikelen in deze generale synode besloten, zo lang als ze door geen andere generale synode veranderd zijn. (Sekondêre kursivering)^[13]

Vir Jonker draai alles om die enkele woord *tensy*. Dié woord skep ruimte om besluite aan die Woord van God te toets.

Hy skryf in 1959 oor artikel 23 van die konsep-kerkorde die volgende:

Dit is seker ook noodsaaklik dat daar in art. 23 bygevoeg sal word dat besluite van meerdere vergaderinge bindend is *tensy dat hulle in stryd is met die Woord van God*. Ons moet alles in ons vermoë doen om die indruk te verwyder dat die Sinode of die Ring kan heers oor die plaaslike gemeentes en besluite kan neem wat onvoorwaardelik gehoorsaam moet word. (Jonker 1959e:870)

Hierdie aspek van Jonker se teologie is van deurslaggewende belang. Soos die Reformatore wil hy niks van “onfeilbare” uitsprake of besluite weet nie. Volgens hom *mag* gelowiges nie alleen appelleer nie, maar is hulle *verplig* om besluite van vergaderings aan die Skrif te toets. Dít, sê hy, staan ronduit in die Nederlandse Geloofsbelijdenis, artikel 27.

In sy intreerede by Unisa laat hy hom só hieroor uit:

Dit moet vasstaan dat die grens vir alle kerkregering enkel die Woord van God is, wat moontlik ook deur die indiwidu beter gehoor kan word as deur ’n hele kerklike vergadering. Getalle is geen waarborg van suiwerheid nie ... Die kerkorde moet dit selfs aanmoedig en lidmate onder die verpligting stel om met skriftuurlike besware na vore te kom, want dit gaan in die kerk om die waarheid van die Skrif, wat teen elke prys gesoek moet word. (Jonker 1965a:30)

Sy standpunt dat lidmate verplig moet word om te appelleer, baseer hy op die hersiene kerkorde van die Gereformeerde Kerken in Nederland van 1957.¹⁴

Jonker eindig nie met bogenoemde plig wat lidmate opgelê behoort te word nie, maar gaan nog ’n stap verder. Hy sê dat wanneer iemand voor God oortuig is dat ’n sekere besluit in stryd is met die Woord, dit nie van hom verwag kan word om daardie besluit te gehoorsaam nie, *ook al sou hy by wyse van beroep in die ongelyk gestel word*. Daarvoor beroep hy hom nie alleen op DKO-artikel 31 nie, maar weer eens op die sterk-bewoorde artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis. Vir hom is dit ononderhandelbaar dat besluite van kerkvergaderings nie die gelowiges se gewetes kan bind nie. Dié reg kom alleen die Woord van die Here toe. Hy voeg hieraan toe: “As dit ’n ‘swakheid’ van die gereformeerde stelsel is, dan is dit een van dié soort swakhede wat mense, wat die Skrif alleen as die enige bron van gesag oor ons lewe erken, altyd sal vertoon” (Jonker 1959e:871).

In 'n verdere stap betrek Jonker voorts die *kerk* self op 'n unieke wyse. Die kerk moet by wyse van spreke 'n pastorale, deernisvolle houding jeens beswaardes inneem. Dit blyk uit advies wat Jonker in amptelike hoedanigheid as aktuaris van die Sinode van Suid-Transvaal aan Beyers Naudé geskryf het¹⁵ ter ondersteuning van Naudé in sy stryd om die behoud van sy status as predikant na sy aanstelling as direkteur van die C.I. Die “eksamenkommissie” van die Sinode van Suid-Transvaal wou dit nie toestaan nie. Naudé het Jonker om advies genader oor die vraag of hy daarteen by die sinodale kommissie mag appelleer. In Jonker se advies kom sy ekklesiologie na vore. Die kerk as gemeenskap van die heiliges, *mag nie toelaat* dat sy lidmate ongelukkig voel oor sy optrede nie. Hy adviseer:

Ek wil ... u daarop wys dat dit na my beste wete nêrens die bedoeling van die Kerk in sy bepalinge is om aan enige persoon die reg te gee om te voel of te beweer dat hy onbillik behandel is nie. Daarom dat die Kerk die weg geopen het dat iemand wat beswaard voel, hom deur verdere beroep weer na die kerk kan wend om wat hy as onreg voel, te verwyder. (NG Kerk in SA Argief, SIN 1376)

Hieroor het 'n hele debat ontstaan. Daar was diegene wat die standpunt gehuldig het dat géén appèl teen die besluit van die eksamenkommissie moontlik is nie. Dit was uiteindelik ook die besluit van die Sinodale Kommissie. Naudé se appèl was van die hand gewys. Vorster het op sy kenmerkend bondige manier advies gegee toe die Sinodale Kommissie van die Sinode van Suid-Transvaal hom genader het:

1. In 'n Gereformeerde Kerk is die besluite van meerdere vergaderinge bindend op mindere vergaderinge en die lidmate van die Kerk ... En die betekenis en bindende waarde daarvan is eenvoudig; Dit moet aanvaar en gehandhaaf word.
2. Natuurlik het die besluite van die Sinode re. *Pro-Veritate* [sic] en aanspreeklikheid van leraars bindende krag. En dit bind nie net die persoon *offisieel* maar laat hom *persoonlik* vry nie. Besluite van Sinodes moet uitgevoer word soos dit daar staan en bedoel is. (NG Kerk in SA Argief, SIN 1376; sekondêre kursivering])

Jonker het voortdurend beklemtoon dat alle kerkregering Christus-regering en dáárom Woord-regering moet wees, byvoorbeeld in sy intreerede by Unisa:

Kerkregering is diens aan en van die Woord ... Daarin verskil dit prinsipieel van die regering in ander samelewingsverbande. Juis daarom egter is dit voortdurend onderworpe aan die kontrole deur Gods Woord. Indien dit waar is dat kerkregering diens aan Gods Woord is, is die vraag voortdurend of die ampsdraers nie in plaas van diens aan die Woord en in onderworpenheid aan die Woord, daartoe oorgaan om oor die Woord van God heerskappy te voer of selfs sonder die Woord van God heerskappy te voer nie. (Jonker 1965a:12)

Omdat die Woord van God die grense vir kerkregering bepaal, moet daar in die kerk volledige ruimte wees vir die kontrole van elke kerklike besluit of optrede deur die Woord van God. Hierdie kontrole moet deur elke lidmaat van die kerk uitgeoefen word.

Jonker se uitgesproke standpunt is dat dié kontrole nie net iets vir “wetenskaplikes” is nie, maar vir die gemeente self. By hom is nie sprake van 'n onmondige gemeente of “leke” wat uitgelewer is aan die leiding en sorg van 'n geestelike stand wat alleen in staat sou wees om

Gods Woord reg te interpreteer nie. Dit is vir Jonker ondenkbaar dat die kerk nie met indringende aandag sal luister na die appèl van lidmate wat besorg is dat die kerk van die Skrif afgewyk of dit links laat lê het nie.

Jonker was nie naïef óf vervul met 'n valse idealisme oor die “gewone lidmaat” se vermoë om die Skrif te interpreteer nie. Sy standpunt was die resultaat van sy vertroue in die Woord en die lewende, Drie-enige God wat deur die Woord handel. Christus regeer só deur sy Woord dat Hy self die waarheid bekend sal laat word en na vore sal roep (Jonker 1965a:13). Hy skryf elders:

Die gemeente van Christus leef met die Woord in die wêreld en ontvang onder leiding van die Gees die wysheid om die brug te slaan tussen die (historiese) Skrif en die moderne wêreld met sy problematiek. Die lig van die Skrif is nie maar net die resultaat van 'n goeie wetenskaplike hermeneutiek nie. Die waarheid is nog altyd magtiger as onself. Die waarheid heers oor ons, en nie ons oor die waarheid nie.¹⁶

Immers, as Christus self die handelende subjek is, die een wat self sy gemeente vergader, beskerm en regeer (Heidelbergse Kategismus, Sondag 21, vraag 54), het Jonker geen twyfel dat Christus in die gemeente teenwoordig is en daarin handel nie. Hy lê dikwels klem op tekste soos Matt. 18:20, 28:20 en Joh. 14:16–20, 23 waarin Christus belowe dat Hy teenwoordig sal wees waar twee of drie in sy naam vergader en dat Hy by die kerk sal bly tot aan die einde van die wêreld. Dié beloftes, sê Jonker, is “te duidelik dat die kerk sou kon twyfel aan die *praesentia realis Christi ipsius* hier en nou, op elke punt van die weg” (Jonker 1965a:3). Wie só aan die werklike teenwoordigheid van Christus self in sy gemeente vashou, kan nie anders as om oop te wees vir die toetsing van kerklike besluite en handeling deur “gewone lidmate” nie.

Jonker verstaan kerkregering van die begin tot die einde as 'n regering deur die Woord en Gees van Christus, tot so 'n mate dat die bediening van die Woord en die sakramente die enigste vorm van regering in die kerk is en mag wees. Dit geld van alle kerklike mag, ook die sleutelmag waarna Christus in Matt. 16:19 verwys. Enige besluit of handeling strydig met Gods Woord het geen gesag hoegenaamd nie (Jonker 1965a:8, 9).

7. Die gemeenskap van die heiliges

As die direkte en persoonlike regering van Christus in die Kerk die eerste en belangrikste beginsel is waarvan Jonker uitgaan, dan is die belang en selfstandigheid van die plaaslike gemeente die tweede. Hierop kan nie volledig ingegaan word nie. Slegs een aspek kan in hierdie konteks uitgelig word. Wanneer 'n mens soveel klem daarop lê dat Christus deur sy Woord en Gees in die kerk werksaam is, met die gevolg dat die kerk met alle erns na elke beswaarde lidmaat moet luister, en daarby ook klem lê op die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, kan die indruk moontlik gewek word dat Jonker – ten minste wat sy kerkreg betref – baie na aan independentisme kom.

Niks kan verder van die waarheid wees nie. Jonker lê groot klem op Ef.3:17–19 waar Paulus leer dat die liefde van Christus geken moet word “saam met al die heiliges”. Sy standpunt is dat in meerdere vergaderings 'n wyer kring van gawes en insigte van die heiliges byeenkom.

In 'n onvoltooide manuskrip wat op die Jonker Digitale Argief gepubliseer sal word, skryf hy oor meerdere vergaderings:

Daar kom in die onderlinge en gemeenskaplike diens aan mekaar en die wedersydse versterking van mekaar 'n telkens heerliker openbaring van die eenheid van die kerk na vore, en word dit moontlik om mekaar te kontroleer en op te skerp om ten volle te wandel in die lig van die Woord. Op die meerdere vergadering is daar dus nie soseer meer gesag teenwoordig as in die mindere nie, maar daar is meer ampsgawes teenwoordig, meer wysheid, meer wedersydse kontrole, meer van "al die heiliges", 'n groter sektor uit die gemeente van Christus op aarde ... Dit is geen heerskappy en dwingende seggenskap nie, maar 'n geestelike, amptelike diens wat deur die meerdere vergadering aan die mindere gelewer word, en moet daarom deur die mindere gehoorsaam word, tensy dat dit stry teen die Woord van God. (Jonker 1965d:94)

8. Slot

W.D. Jonker was 'n Skrifteoloog. As kerkregtelike het hy die *Woord* aan die NG Kerk bedien. Wanneer Jonker hom uitspreek oor die gewaande gesag van moderators en moderature, oor sogenaamde bindende besluite en oor die belangrikheid – selfs die noodsaaklikheid – van appèlle, gaan dit vir hom alleen om die regering van Christus deur sy Woord.

Jonker se kerkreg kan die beste opgesom word in die woorde van C. Veenhof, wat Jonker meer as een maal aanhaal:

De Reformatoren ondernamen het naar den mensch gesproken ontzaglijke en, werelds geoordeeld, *krankzinnige waagstuk* om het in de regeering en heel het leven der kerk alleen met Gods Woord en de vrijwillige onderwerping daaraan te doen ... Zij ondernamen het naar wereldsche maatstaven gemeten dwaze pogen om geen andere onderwerping te willen, dan die welke gehoorzaamheid aan Gods Woord was. Zij wilden niet zélf, zij wilden niet, dat de kerkelijke instanties als zoodanig, gehoorzaamd zouden worden. Zij weigerden eenige gehoorzaamheid, welk niet gehoorzaamheid aan een duidelijk uitgedrukt Godswoord was (Veenhof 1949:302).

Bibliografie

F.S.M. Boekbespreking, *Pro Veritate*, 1(4), 15 Augustus 1962, bl. 5.

Hanekom, T.N. 1962. Resensie, *Die Kerkbode*, 90(14), 3 Oktober 1962, ble. 473-4.

Jonker, W.D. 1955a. *Mistieke liggaam en kerk in die nuwe Rooms-Katolieke teologie*. Kampen: Kok.

—. 1955b. Genade en Kerk. *Die Kerkbode*, 77(24), 14 Desember 1955, ble. 933-4 en 77(25), 21 Desember 1955, ble. 980-1.

- 1956. Ons Kerk 'n Volkskerk? *Die Kerkbode*, 78(3), 18 Januarie 1956, ble. 111.
- 1959a. "En as jou broeder sondig ...": enkele aspekte van die kerklike tug. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- 1959b. Korrespondensie, *Die Kerkblad*, 61(1514), 16 September 1959, bl. 8.
- 1959c. Die nuwe kerkorde: 'n voorwaartse stap op Dordtse Grondslag. *Die Kerkbode*, 84(20), 18 November 1959, ble. 795–6, 800.
- 1959d. Die nuwe kerkorde: II. *Die Kerkbode*, 84(21), 25 November 1959, ble. 835–7.
- 1959e. Die nuwe kerkorde: III. *Die Kerkbode*, 84(22), 2 Desember 1959, ble. 870–1, 883.
- 1960a. Die bevoegdheid van die streeksinodes volgens art 35. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 1(2), Maart 1960, ble. 33–7.
- 1960b. Die ander kant van die saak. *Die Kerkbode*, 86(2), 13 Julie 1960, ble. 41–4.
- 1960c. Die ander kant van die saak. *Die Kerkbode*, 86(3), 20 Julie 1960, ble. 74–7.
- 1960d. Die ander kant van die saak. *Die Kerkbode*, 86(4), 27 Julie 1960, ble. 107–11, 119.
- 1960e. Die ander kant van die saak. *Die Kerkbode*, 86(11), 14 September 1960, 375.
- 1962. *Die sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde kerk van Transvaal*. Potchefstroom: Kerk en wêreld.
- 1965a. *Om die regering van Christus in sy kerk*. Pretoria: Unisa.
- 1965b. Die aard van kerklike gesag. *Die Kerkbode*, 95(49), 8 Desember 1965, ble. 1573–5.
- 1965c. Die aard van kerklike gesag. *Die Kerkbode*, 95(50), 15 Desember 1965, ble. 1615–6.
- 1965d. *Die regering van Christus*, Deel I. Tans ongepubliseer. Sal gepubliseer word by www.williejonker.co.za.
- 1967. Die kerkraad, Ring en die C.I. *Die Kerkbode*, 100(4), 26 Julie 1967, ble. 135–6.
- 1998. *Selfs die kerk kan verander*. Kaapstad: Tafelberg.
- Jonker, W.D. e.a. 1963a. Opmerkinge oor sinodale besluit. *Die Kerkbode*, 91(20), 15 Mei 1963, ble. 677–8.
- 1963b. Repliek op korrespondensie. *Die Kerkbode*, 92(18), 30 Oktober 1963, ble. 614–5.

Jonker, W.D. e.a. 1965. *Verwarring: Opheldering noodsaaklik!* (Geen uitgewersbesonderhede nie)

Kerkorde opgestel in de Nationale Synode van de Gereformeerde Kerken gehouden te Dordrecht 1618/1619, vertaling: Deputaatschap Kerkrecht van de Gereformeerde Gemeenten, *In goede orde. Handleiding en toelichting bij de kerkelijke rechtsgang*. 2008. (Geen uitgewersbesonderhede nie)

Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 1964. Kaapstad, N G Kerk-Uitgewers.

Kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland. 1959. Kampen, J.H. Kok

Kommissie van Leer- en Aktuele Sake (Wes-Kaapland). 1979. *Die Reformatoriese Sola Scriptura en die Skrifberoep in etiese vrae*. Kaapstad: N G Kerk Uitgewers.

Raad van Kerke. 1957. *Handelinge van die vyf-en-twintigste vergadering van die Raad van N.G. Kerke, Pretoria, 27 – 29 Maart 1957*. Argiefbewaarplek: NG Kerk in SA Argief.

—. 1962. *Agenda vir die Konvensie van Kerke in 1962*. Argiefbewaarplek: NG Kerk in SA Argief.

Redaksioneel, 1963. Breë Moderatuur spreek hom uit oor die Christelike Instituut. *Die Kerkbode*, 92(22), 27 November 1963, bl. 380.

Sinode van Suid-Transvaal. 1964. *Notule van 'n buitengewone vergadering van die Sinodale Kommissie gehou op die gewone plek te Johannesburg 11 Februarie 1964*, NG Kerk in SA Argief, SIN 1376.

Smit, D.J. 1989. “Om saam met al die heiliges Christus te ken” in Theron en Kinghorn (reds.) 1989.

Smit, D.J. 2008. *En ook gehoor? Vrae rondom die Gereformeerde siening van die kerk*. Derde Jonker Gedenklesing, ongepubliseerd.

Theron P.F. en J. Kinghorn (reds.). 1989. *Koninkryk, kerk en kosmos: huldigingsbundel ter ere van Prof W.D. Jonker*. Bloemfontein: Pro-Christo.

Van Niekerk, A.A. 2011. Jonker se Teologiese Etiek. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 52(3 & 4):585–99.

Van Rooyen, J.H.P. 1990. *Die NG Kerk, apartheid en die Christelike Instituut van Suidelike Afrika*. Ongepubliseerde PhD-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand.

Veenhof, C. 1949. *Om de "Unica Catholica": een beschouwing over de positie van de bezwaarden onder en over de synodocratie*. Goes: Oosterbaan & Le Cointre.

Vorster, J.D. 1960. “Die Kerkorde vir die NG Kerke: Die besware daarteen en die betekenis daarvan”. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, i (4), 12–8.

Eindnotas

¹ NG Kerk Uitgewers het 'n prysvraag uitgeskrif om die skryf van nuwe manuskripte te stimuleer. Jonker het sy lesings in boekvorm verwerk en saam met P.A. Verhoef die eerste prys verower. Kyk Jonker (1998:31).

² 'n Aktuaris se taak is hoofsaaklik om tussen sinodesittings advies oor die uitleg en toepassing van die kerkorde (of, soos dit in Jonker se dae bekend gestaan het, die Wette en Bepalinge) te gee.

³ Laasgenoemde is belangrik genoeg om 'n afsonderlike studie aan te wy, maar val buite die reikwydte van dié artikel.

⁴ Die ander punte wat Jonker uitlig (die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die waarskuwing dat die predikantsamp nie oorbeklemtoon en die amp van die ouderling geringgeskat moet word nie, die begrensing van die bevoegdhede van kommissies, die gebrek aan 'n bepaling in verband met die ondertekening van die formuliere, ens.), word hier buite rekening gelaat.

⁵ Vorster noem Jonker nêrens by name nie, maar bespreek wel al die besware van Jonker in genoemde drie artikels in *Die Kerkbode* sowel as 'n artikel in die *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*. Kyk Jonker (1960a:33–7).

⁶ Jonker (1998:35) skryf veelseggend dat hy dié studie onderneem het omdat hy, na sy verkiesing as aktuaris van die Sinode van Suid-Transvaal, “op 'n nuwe wyse met die binnekant van die kerklike lewe” in aanraking gekom het en dít hom genoop het “om 'n intensiewer studie van die kerkreg te maak”. Wat presies hy daar “aan die binnekant” belewe het, spel hy nie verder uit nie.

⁷ Daar het ook 'n resensie in die eerste uitgawe van *Pro Veritate* verskyn – vgl. *Pro Veritate*, 1(4), 15 Augustus 1962, bl. 5.

⁸ Vir 'n volledige beskrywing van dié stryd en die rol wat Jonker daarin gespeel het, kyk Van Rooyen (1990). Van Rooyen was indertyd leraar van die gemeente Parkhurst gewees.

⁹ N.J. (Nico) van Loggerenberg het in die periode vanaf Naudé se verkiesing tot aan die einde van 1966 nie minder nie as 36 klagtes, appèlle en beswaarskrifte teen die Ring van Johannesburg of sy lede gelê – dit is behalwe 'n hele rits ander waarby hy indirek betrokke was.

¹⁰ 'n Groep wat gereeld saam met Jonker Bybelstudie gedoen het, besluit om 'n onafhanklike tydskrif te begin. Lede was A.S. (Albert) Geysler, G.J. (Gert) Swart, B.J. (Ben) Engelbrecht (wat medeskrywers was van die boek *Vertraagde aksie* wat veel opslae gemaak het), Fred van Wyk (direkteur van die SA Instituut vir Rasseverhoudinge), W.B. (Bruckner) de Villiers en C.F.B. (Beyers) Naudé. Die oogmerk was om 'n forum te skep vir teologiese debat oor rasse-aangeleenthede, die eenheid van die kerk, die ekumene en dergelyke aangeleenthede. Die eerste uitgawe van *Pro Veritate* het op 15 Mei 1962 verskyn, met Naudé as eerste redakteur.

¹¹ Die ander ondertekenaars was A.C. Barnard, T. Botha, A.P. Burger, W.J.C. Cilliers, J.P. Cronjé, A.B. du Toit, B. Engelbrecht, K.W. Gerritsma, C.J.A. Greyling, J.M. Hofmeyr, C.J. de W. Lombaard, P.C.J. Loots, L.J. Loots, C. du P. le Roux, F.S. Malan, P.W. Marais, R.A. Meyer, M.J.J. Prinsloo, S.O. Skeen, J.D. Smith, D.B. Steyn, J.H.P. van Rooyen, A.J. Venter en C.J. Vermaak.

¹² Die huidige debat in die NG Kerk handel oor die vraag of teen 'n besluit van die Algemene Sinode geappelleer kan word. Een van die probleme skyn die woord *appèl* te wees. In talle kerkordes van verskillende gereformeerde kerke (soos bv. die hersiene kerkorde van die Gereformeerde Kerk en in Nederland van 1957), is *beroepen* van die DKO vervang met *kunnen in appèl gaan*. In die gereformeerde kerkreg en taal (soos in Afrikaans) is *beroep* en *appèl* sinonieme.

¹³ Die Kerkorde van die Algemene Sinode, 1962, art. 23 lui: “Die besluite van vergaderinge is bindend, maar is vatbaar vir beroep op 'n meerdere vergadering.”

¹⁴ Art. 29 van die Kerkorde van die GKN (1957) lui: “Indien zij zulk een uitspraak of handeling in strijd achten met duidelijke uitspraken van Gods Woord, *zijn zij gehouden in appèl te gaan*” (sekondêre kursivering). Die kommissie van aktuarii het opdrag gehad het om hierdie hersiening te verreken in die opstel van die kerkorde van 1962 (vgl. *Handelinge van die Raad van N.G. Kerke 1957*, 73), maar dit het klaarblyklik nie gebeur nie.

¹⁵ Dit was nog nie tevore in die openbare domein nie, maar ek het beperkte toestemming van Sinode Hoëveld ontvang om dit wel openbaar te maak.

¹⁶ Vgl. *Die Reformatoriese Sola Scriptura en die Skrifberoep in etiese vrae*, bl. 19. Hierdie teks is nie onder Jonker se naam gepubliseer nie, maar is in 1979 deur die N G Kerk Uitgewers namens die Kommissie van Leer- en Aktuele Sake (Wes-Kaapland) gepubliseer. Dit is egter algemene kennis dat Jonker die outeur daarvan was. Kyk Van Niekerk (2011:589) en D.J. Smit se ongepubliseerde derde Jonker-gedenklesing, “En ook gehoor”, bl. 11.